

HOOFSTUK 7

SAMEVATTING, BEVINDING EN AANBEVELINGS

7.1 INLEIDING

'n Beskrywende navorsingstudie wat literatuurstudie en ontwikkelingsnavorsing behels, is onderneem waarin die spraakgebrek van kinders met Downsindroom ondersoek is met die doel om sangterapie te gebruik om spraakverwerwing te versnel en onduidelike spraak te remedieer.

7.2 SAMEVATTING

Eerstens is die oorsake van die spraakgebrek gediagnoseer in hoofstuk 2. Hoofstukke 3, 4 en 5 is gerig op die bepaling van verskille en ooreenkomste in die aard en verloop van verwerwing van spraak om geskikte riglyne om 'n toekomstige vroeë spraakopvoedingsprogram mee te ontwikkel. 'n Klank- en woordeskat is versamel, gekategoriseer en verdeel in vlakke om te dien as inhoud van 'n program. In hoofstuk 6 is geskikte metodes om spraakverwerwing te vergemaklik, ontwerp. Die waarde, probleemareas van die spraakgebrek en wyse van sangterapeutiese toepassing geskik vir 'n vroeë spraakprogram is ook bepaal. Om betekenisvolle kommunikatiewe interaksie tussen kind en ouer te verseker vir vroeë spraakopvoeding is die sangterapeutiese behandeling van ouers ook onderneem.

7.3 BEVINDINGE

Die doelstelling van die studie is die gebruik van sangterapie as middel om die spraakgebrek van kinders met Downsindroom aan te spreek. Ter bereiking van die doelstelling van die studie is ook sekondêre doelwitte opgestel waarvolgens inligting versamel en bespreek is.

7.3.1 BEVINDINGE TEN OPSIGTE VAN SANGTERAPIE AS TEGNIEK IN 'N VROEË SPRAAKOPVOEDINGSPROGRAM

'n Vroeë spraakopvoedingsprogram impliseer dat die verwerwingsaspek van spraak as beginpunt moet dien en betrek ook die aanleer van voorlinguistiese verbale en nie-verbale vaardighede. As sulks kan die ouers en die opvoedingsituasie nie ignoreer word nie.

Die waarde van sangterapie lê daarin dat sangterapie 'n magtige middel is om die versteurde opvoedkundige situasie te normaliseer sodat die kinders die nodige ekstra ouerlike ondersteuning en versorging vanaf geboorte kan kry.

Die bevindinge van hoofstuk 6 dui aan dat sangterapie gepaard met geborgende vertroeteling en neurofisiologiese terapie die inhiberende uitwerking van die neurologiese belemmering kan verminder en waardevol is as middel om klankoefening en spraakklankoefening vir die gestremde motoriek te bied sonder dat natuurlike spraakverwerwing inhibeer word.

Die waarde van sangterapie word verhoog mits dit kundig binne die tydperk net na die geboorte 'n aanvang neem en mee volgehou word totdat spraakverwerwing voltooi is, alhoewel daar nie ouderdomsbeperinge op remediëring van die spraakgebrek van kinders en persone met Downsindroom geplaas kan word nie.

Benewens die ekstra aandag wat kinders met Downsindroom se terapeutiese behandeling verg, moet ouers bewus wees van faktore wat sekondêre spraakbelemmering kan veroorsaak en moet dus toegerus word met verfynde en gespesialiseerde ouerlike vaardighede en groter ondersteuning van die gemeenskap. As voorbeelde kan genoem word dat die belangrikste sekondêre spraakbelemmering voorkom deur 'n geblokte neus wat deur asemnood die tong aanhelp om uit te hang en lomp te word en terselfdertyd die duidelike uitspraak van alle Afrikaanse spraakklanke verhoed. Die tweede sekondêre belemmering word veroorsaak deur verwaarlosing van die moeilik diagnoseerbare middeloorontsteking wat flukturerende en selfs permanente hardhorendheid kan laat ontstaan.

Waar die opvoedingsituasie en die ouers se emosionele toestand nie vinnig genoeg herstel nie sal die volgende tekorte gevind word wat algemene ontwikkeling van die baba nog verder kan strem:

* Tekorte in bykomstige sintuiglike stimulasie deur vertroeteling en terapie wat voorsien moet word weens die onvermoë van die flaksiede baba om enige bydrae te lewer tot selfontwikkeling.

- * Tekorte in die fyn monitering van minder ernstige siektes soos byvoorbeeld, middeloorontsteking wat ouditiewe invoer kan belemmer en sekondêre spraakprobleme kan veroorsaak.
- * Tekorte in die modellering van verbale kommunikatiewe gebruik in 'n gemoedelike, geborgende spelsituasie.

7.3.2 BEVINDINGE TEN OPSIGTE VAN DIE OORSAKE VAN DIE GEBREK

Die teorië van serebrale hipoplasie en lateralisasie sowel as die werking van kosmetiese uitkenningstekens is ondersoek aan die hand van gepubliseerde navorsing en uitgeskakel as oorsake van die spraakgebrek.

Daar is tot die slotsom gekom dat die vertraagde ontwikkeling van spraak, algemene motoriek, kognitiewe vermoëns en visuele persepsie alles herlei kan word tot die neurologiese besering van die hele monosinaptiese stelsel van die retroaktiewe (saamtrekkende) spiersenuwees wat vir die hipotoniese toestand verantwoordelik is waaraan alle babas met Downsindroom ly.

Volgens uitsprake uit die literatuurstudie word die uiting van klanke bemoeilik waar die outomatiese vokaliese en konsonantiese aansetmeganisme ontbreek. Die hoër sentrums van die brein moet die aksies van reflekse aanleer. Die aksies moet dan tot outomatiese vlak ge oefen word voordat spraak vlot en gemaklik geuiter kan word. Om te verhoed dat driloefeninge die verwerwing van spraak inhibeer kan sang gebruik word vir die ekstra spraakmotoriese oefening.

Die vertraging vind plaas as gevolg van die verswakking van primêre reflekse wat die aanvangstimuli voorsien sodat alle motoriek (ook respiratoriese, en spraakmotoriek) deur oefening kan ontwikkel en by normale babas die hipotoniese toestand van die romp kan oorkom.

Spraak van kinders met Downsindroom word in besonder geaffekteer deurdat die stimuli wat nodig is as aansitter van verbale uitinge refleksief van aard is. In die eerste woordjies van babataal word

die refleksiewe aksie hoofsaaklik gebruik vir die vinnige en totale lugafsluiting om sluitklanke te vorm.

7.3.3 BEVINDINGE TEN OPSIGTE VAN DIE AARD VAN AFRIKAANSE DOWNSINDROOMSPRAAK

Die volgende insigte in die spraakgebrek is deur die literatuur studie en ontwikkelingsnavorsing in hoofstukke 3,4, en 5 blootgelê

:

- * Die spraakgebrek en vertraagde ontwikkeling van voorlinguistiese vaardighede is hoofsaaklik motories van aard.
- * Die aard van die spraakgebrek is hoofsaaklik artikulatories as gevolg van onvoltooide spraakklankverwerking deur spraakmotoriese stremming wat die sametrekking van spraakspiere verhoed.
- * Die gebrek hou vol tot die laat tiener en vroeë twintigerjare wanneer enkele fonologiese prosesse van spraakvereenvoudiging spraak nog ontsier.
- * Kinders met Downsindroom bemeester die spraakmotoriek eers voldoende vanaf die tiende jaar om woorde gemaklik eggolalies na te boots.

7.3.4 BEVINDINGE TEN OPSIGTE VAN VERSKILLE EN OOREENKOMSTE IN SPRAAKVERWERWING TUSSEN NORMALE PEUTERS EN KINDERS MET DOWNSIDNROOM

Die volgorde van klanke en woorde in die verwerwingsproses van spraak van normale kinders stem tot 'n groot mate ooreen met die van kinders met Downsindroom, behalwe waar invloede van faktore uit die omgewing, motoriese onvermoë en siektetoestande verbonde aan die sindroom geld om spraakklankontwikkeling uiters te vertraag.

Een van die eerste knelpunte wat die verwerking van spraak in kinders met Downsindroom vertraag is die verwerking van sluitklanke wat grootliks steun op volkome afsluiting van lugdruk deur refleksiewe aksies van die spraakmeganisme.

Die besondere laat ontwikkeling van nasale klanke in die spraak van kinders met Downsindroom, in teenstelling met normale

spraakverwerwing dui op denasaliteit wat die gevolg is van minder ernstige en oorkomelike siektetoestande. Ongelukkig verhoed hierdie gebrek die verwerwing van baie woorde met 'n hoë gebruiksfrekwensie soos 'en, 'n, nee, nou, net, nog, nie'. Ook die stemlose schwa ontwikkel laat sodat woorde soos 'in, is, dit, vir' in die slag bly. Al hierdie gebreke verhoed die verwerwing van 'n massa woorde met hoë gebruiksfrekwensie sodat die spraak van kinders met Downsindroom oorheers word deur etiketwoorde met 'n lae gebruiksfrekwensie wat nie groei in woordeskat en sintaktiese uitbreiding toelaat nie.

In die verwerwingsproses van albei groepe is die eerste vokaal in babataalwoordjies /a/ en daarna volg al die suiwer vokale volgens die verskeidenheid van die omgewingsinvoer by normale babas. In die stadiger ontwikkelende spraak van kinders met Downsindroom word dieselfde patroon gesien, maar dit neem 'n groter hoeveelheid woorde voordat die volgende klank ontwikkel wat dui op ontwikkeling van die hipotoniese tong. Vir die uiting van vokale in die aanvangsposisie van woorde word daar ook 'n refleksiewe aksie, die glottisslag in Afrikaans gebruik sodat woorde met vokale in die aanvangsposisie teen 'n stadiger tempo in die spraak van kinders met Downsindroom ontwikkel.

Frikatiewe en likwiedes ontwikkel later in die spraak van meeste kinders, want die maak van die klanke vereis groter willekeurige spierbeheer van die spraakmotoriek. Halfvokale en glyers ontwikkel eers na vokale en frikatiewe, want sterk willekeurige sametrekking van die respiratoriese spiere vir lugstote is nodig vir die maak van hierdie klanke. Die /e/ en /o/ ontwikkel eers nadat suiwer vokale en halfvokale ontwikkel het. Die stadige en laat ontwikkeling van spraakklanke verhoed die verwerwing van genoegsame woorde vir verbale kommunikasie en sintaktiese uitinge.

Die rol van die beheer van lugdruk en spraakorgane kan ook gesien word in die ontwikkeling van stemhebbendheid in albei groepe. Stemlose konsonante neig om vroeër as stemhebbende konsonante wat sterker lugdruk vereis, te ontwikkel.

Die verwerwingspatroon van kinders met Downsindroom word ook gekenmerk deur lang periodes van stilte tussen die verwerwing met 'n ekstra lang uitgerekte plato van nie-verbalisasie voor die voorkoms van die eerste kommunikatiewe woorde. Dit impliseer die moontlikheid dat die verkorting van hierdie stilte periodes of plato's, die verwerwingsproses kan versnel.

7.3.5 BEVINDINGE TEN OPSIGTE VAN DIE INHOUD VAN 'N PROGRAM

'n Totale woord- en klankskat is versamel en kategoriseer in 'n aanvangs- en eindvlak met tussenvlakke vir die skryf van lirieke vir 'n vroeë spraakprogram (Bylaag 1, bladsy 159:ii-iv). Vir spraakklank-oefening deur middel van sang is al die klanke van die somtotaal van woorde geanaliseer volgens posisies in woorde en mate van vestiging in elke vlak (Bylaag 2, bladsy 160:vii-liii).

Konsonante is geanaliseer volgens die plekke van lugafsluiting in die spraakmeganisme om swakhede in die spraakmeganisme mee te diagnoseer as aanduiding van swakhede wat kan lei tot vertraagde spraakverwerwing. Die remediëring van foute deur swak artikulasie is geïdentifiseer volgens die reëls van fonologiese prosesse van vereenvoudiging om onduidelike spraak te verbeter in die aanvangsvlak (Bylaag 3.3, bladsy 161:lix) en eindvlak (Bylaag 4.7, bladsy 162:lxxxiii). 'n Sintese van al die navorsing is gemaak in Bylaag 4, bladsy 162:lxi-lxxviii) en 13 Grafieke (sien bladsy 163).

7.3.6 BEVINDINGE TEN OPSIGTE VAN GESKIKTE METODIEK

Alle metodes, programme en benaderinge wat refleksiewe aksies benodig as stimulus of respons moet vermy word in die opvoeding van kinders met Downsindroom. Drillmetodes volgens Behavioristiese beginsels met klem op ekstrinsieke motivering word as heeltemal ongeskik beskou deur die klem wat daardeur op die kind se primêre gebrek geplaas word. Alternatiewe stimuli sal moet gebruik word as aansitter van spraakuitinge.

7.4 AANBEVELINGS

* Die riglyne en inhoud wat bepaal is as kulminasie van die ondersoek sal ook nuttig gebruik kan word, met die nodige aanpassings, in sangterapeutiese en ander programme gerig op

spraakverwerwing vir ander verstandelike en spraakvertraagdes.

- * Psigologiese ondersteuning aan ouers en familie is nodig om die trauma net na die geboorte te oorkom. Gevolglik word aanbeveel dat professionele kursusse in ouerleiding in dié verband deur tersiêre inrigtings onderneem word. Sulke dienste sal ook van waarde wees vir ouers van ander gestremde kinders.
- * Maatskaplike opvoeding van die gemeenskap is nodig om die stigma verbonde aan gestremdhede en Downsindroom in besonder te oorkom.
- * Fonastenie as eienskap van Downsindroomspraak moet nog verder ondersoek word aangesien subglottale lugdruk 'n belangrike rol in die verwerwing van spraak blyk te speel.

7.5 ENKELE LEEMTES IN DIE NAVORSING

Die verskeidenheid in agtergrond en persoonlike eienskappe van die kinders waarvan die spraakmonsters verkry is, het statistiese verwerkings en korrelasie studies buite rekening gelaat.

Verdere detail van spraakklankverwerwing is nodig vir die implementering van die aangeduide riglyne vir 'n vroeë spraakprogram, of -programme volgens fasette van die spraakgebrek.

7.6 TEN SLOTTE

Met hierdie studie is gepoog om die moontlikhede van 'n nuwe bykomende terapeutiese benadering te ontgin vir 'n probleem wat al sedert die aanvanklike diagnose van dr. Langdon Down in 1868 nog nie bevredigend aangespreek is nie. Die groot hoeveelheid literatuur grootliks gebaseer op korrelasie studies, waarvan net 'n klein gedeelte in hierdie studie bespreek is, dui op daadwerklike soeke na 'n oplossing sodat die inhiberende invloed van die spraakgebrek verwyder kan word. Die insigte van hierdie studie kan hopelik lei tot 'n nuwe benadering tot die probleem.